Government of **Western Australia**
Department of **Health**
WA Cancer and Palliative Care Network

Afrikaans

Gevorderdesorg Beplanning

‘n Pasiënt se Gids

Uitgawe 3

Interpreting Service

Please ask for an interpreter if you need help to speak to a health service in your language.

© Department of Health, State of Western Australia (2017).
All information and materials in this Guide are protected by copyright. Copyright resides with the State of Western Australia. Apart from any use permitted by the *Copyright Act 1968* (Cth) the information in this Guide may not be published, or reproduced in any material whatsoever, without express permission of the WA Cancer and Palliative Care Network, Western Australian Department of Health.

We acknowledge the website of the Office of the Public Advocate www.publicadvocate.wa.gov.au as a valuable source of information

Suggested citation

Department of Health, Western Australia.
Advance Care Planning: A patient's guide. Perth: WA Cancer and Palliative Care Network, Department of Health, Western Australia; 2017.

Important disclaimer

The information in this Guide is not intended to be comprehensive. Similarly, it is not intended to be, nor should it be, relied upon as a substitute for legal or other professional advice. If you have a legal problem, you should seek independent legal advice tailored to your specific circumstances.

Gevorderde Sorg Beplanning

Gevorderde Sorg Beplanning is ‘n deurlopende gesprek tussen ‘n pasiënt en hul versorgers, familie en professionele gesondheidsorg verskaffers insake die pasiënt se waardes, menings, behandeling en versorgingsopsies. Die fokus is spesifiek op die pasiënt se voorkeure vir hul toekomstige behandeling en versorgingsopsies in die geval waar die pasiënt nie meer instaat is om self besluite te neem nie, of om besluite te kommunikeer op die tydstip wanneer dit benodig word.

Hierdie gids verskaf ‘n oorsig van gevorderde sorg beplanning.

Inhoud

Praat met iemand na aan jou 4
Maak jou gedagtes bymekaar 5
Praat met jou dokter 6
Andere wie kan help 7
Maak jou wense bekend en stel dit op skrif 10
Ander aangeleenthede 13
Stel andere in kennis 14
Prosdure vir die maak van nie-dringende behandelings besluite 15
Verdere inliging 16
Woordelys 17

Praat met iemand na aan jou

Praat met jou geliefdes oor jou voorkeure vir die einde van jou lewe of in die geval van onbevoegdheid, in ‘n gespek wat baie nie gemaklik oor sal voel nie. Vir baie van ons sal onbevoegdheid of die dood nie plaasvind soos wat ons dit verwag nie.

‘n Kronies of terminale siekte kan ons die vermoë ontneem om besluite te maak oor hoe ons behandel moet word in ons laaste maande of dae. Dit is dus belangrik om diegene wat na aan jou is te laat weet hoe jy behandel moet word in jou laaste maande en daeen om hulle vroegtydig van jou voorkeure te laat weet.

Die beste wyse om dit te doen is om gesprekke te voer oor jou voorkeure vir jou sorg en behandeling met persone na aan jou soos gades, famile of vriende.

Jy mag sterk opinies hê oor wat jy sal verkies om te gebeur. Sommige aspekte om the oorweeg is:

- Welke tipe behandeling sal jy verkies of onaanvaarbaar vind?
- Sal jy verkies om gehelp te word wanneer jou hart of asemhaling stop?
- Waar sal jy verkies om behandel te word?
- Is daar enigiets spesiaal wat jy sal verkies om met jou te hê?
- Is daar enigiets of enigeen wat jy sal verkies om nie by jou te hê nie?

Daar mag baie gedagtes en gevoelens opgewek word wanneer met geliefdes gepraat word. Dit mag beide gerusstellend en konfronterend wees.

Dit is natuurlik om nie oor aangeleenthede te praat wat jou ongemaklik sal laat voel nie, maar die tyd om daaroor te praat sal mettertyd kom. Alhoewel vermyding korttermyn gemak sal verskaf sal dit uiteindelik lei tot ‘n spannings toename in jouself, jou familie en vriende. Indien diegene wat na aan jou is, belangrike besluite moet maak oor aangeleenthede wat ‘n groot invloed op jou lewe sal uitoefen, kan dit baie spanningsvol vir hulle wees. Gee hulle riglyne oor wat jy werklik verlang.

Daar mag ‘n tyd kom wanneer jy nie instaat mag wees om jou voorkeure bekend te maak nie. Laat jou geliefdes weet sodat dit makliker is vir jou en hulle.

Maak jou gedagtes bymekaar

Ondersoek jou versorgingsopsies en oorweeg alle moontlikhede. Dit mag bevoorbeeld nie moontlik wees om tuis versorg te word, as jou toestand verswak nie. Jy mag daarom wens om jou professionele gesondheidversorgers, blywende voog of familie se aandag te vestig op beskikbare alternatiewe.

Sommige voorkeure mag oor jou mediese versorging handel en andere oor ander persoonlike aangeleenthede.

Sommige dinge om te oorweeg mag insluit:

- Jou keuse of jy verkies om tuis, in ‘n hospital, pleegsorginrigting of hospice verpleeg te word
- Wie jy sal verkies om jou te besoek wanneer jy jou denkvermoë verloor het of die einde van jou lewe bereik het
- Hoe jy sal verkies om geloofs- of geestesoortuigings in jou behandeling te inkorporeer
- Jou gemak – byvoorbeeld of jy ‘n bad of ‘n stort verkies of met die lig aan of af wil slaap
- Oplossings vir praktiese probleme soos wie sal na jou troeteldier kyk
- Maak van ‘n testament en /of waar die testament gevind kan word
- Maak besonderhede bekend van jou voorkeure vir die begrafnisreëlings
- Besittings wat jy graag by jou sal wil hê wannneer jy jou denkvermoë verloor het en die einde van jou lewe nader.
  - Gunsteling fotos
  - Kledingstukke of bekende en gunsteling objekte wat betekeniswaardig is vir jou
  - Jou keuse van musiek wat gespeel moet word.
- Persoonlike boodskappe aan familie en vriende
- Behandelingskeuses wat aanvaarbaar of onaanvaarbaar is
- Dinge wat jy nie wil hê nie.

Hierdie is die tyd om te stop, te dink en te praat. Dit mag van hulp wees om inligting in te samel van professionele gesondheidsorgverskaffers, familie en vriende of andere soos jou geloofsadviseur, raadgewers, ondersteuningsgroep of die internet.

Praat met jou dokter

Jy het jou gesprekke gevoer met jou familie, vriende en/of blywende voog en jy het jou voorkeure bekend gemaak. Nou moet jy jou voorkeure aan jou dokter en ander professionele gesondheidsraadgewers bekend maak.

Wees openlik met die gesondheidsraadgewer/s wat jou behandel. Hulle is daar om jou te help en sal duidelilke instruksies oor jou toekomstige behandeling op prys stel. Neem iemand saam indien jy dit so verkies.

Stel by jou gesondheidsraadgewer/s vas wat jou siekte beteken indien jy nie alreeds weet nie.

Sommige vrae om te oorweeg oor jou siekte:

- Hoe sal dit jou affekteer?
- Wat sal die effek wees van enige behandeling?
- Watse pallatiewe sorg is beskikbaar?

Hierdie is die tyd om jou behandelgewende professionele gesondheidsorg-raadgewer/s in kennis te stel van jou eie meings en gevoel en die behandelingsopsies wat beskikbaar is, soos byvoorbeeld:

- Wil jy bygebring word indien jou hart versaak?
- Sal jy verkies om vloeistof binneaars te ontvang?
- Wil jy jou organe skenk?

Nou is die tyd om daardie gespek te voer en ‘n plan in plek te stel

Andere wat kan help

Jy kan meer uitvind oor Gevorderede Sorg Beplanning deur met ‘n professionele gerondheidsorgraadgewer te praat of om meer inligting te bekom op nuttige webtuistes.

Somtyds mag ‘n nuwe perspektief nuttig wees in jou beplanning van ‘n Gevorderde Sorg Plan.

Hier is sommige nuttige organisasies:

Office of Multicultural Interest

Gordon Stephenson House
140 William Street,
PERTH WA 6000
Telephone: (08) 6551 8700
Translating and Interpreting Service (TIS)
Telephone: 13 14 50
Email: harmony@omi.wa.gov.au
Website: www.omi.wa.gov.au

Carers WA

182 Lord Street, PERTH WA 6000
Telephone: (08) 1300 227 377
Email: info@carerswa.asn.au
Website: www.carersaustralia.com.au

Palliative Care WA Inc

15 Bedbrook Place, SHENTON PARK WA 6008
Telephone: 1300 551 704
Email: pcwainc@palliativecarewa.asn.au
Website: www.palliativecarewa.asn.au

Cancer Council WA

420 Bagot Road, SUBIACO WA 6008
Telephone: 13 11 20
Website: www.cancerwa.asn.au

Health Consumers' Council Western Australia

Unit 6 Wellington Fair, 40 Lord Street,
EAST PERTH WA 6004
Telephone: 1800 620 780
Email: info@hconc.org.au
Website: www.hconc.org.au

Organ Donation

DonateLife Western Australia
Suite 3, 311 Wellington Street,
PERTH WA 6000
Telephone: (08) 9222 0222
Email: donatelife@health.wa.gov.au
Website: www.donatelife.gov.au

Ethnic Disability Advocacy Centre

320 Rokeby Road
SUBIACO WA 6008
Telephone: (08) 9388 7455
Free call: 1800 659 921
Email: admin@edac.org.au
Website: www.edac.org.au

Maak jou wense bekend en stel dit opskrif

O Wanneer jy duidelikheid gekry het oor jou voorkeure vir toekomstige sorg en persoonlike sake, word dit aanbeveel om dit opskrif te stel.

Die Gevorderde Sorg Beplannings Proses mag verskeie dokumente identifiseer wat voltioooi moet sodat jou voorkeure behoorlik aangeteken mag word en mag (of moet) gevolg word wanner die tyd daarvoor aanbreek.

Oorweeg watter van die volgende van toepassing mag wees op jou geval.

Vroegtydinge Gesondheidsopdrag

'n Vroegtydinge Gesondheidopdrag (AHD) is 'n regs- erkende vorm (onder *die Voogdyskap en Adminisrtrasie Wet* 1990)*ation Act 1990*) wat 'n person se besluit om toestemming te gee of te weerhou, ten opsigte van spesifieke gesondheidsorg behandelings of prosedures, insluitende lewens ondersteunde maatreëls en palliatiewe sorg bevat.

Om 'n AHD te maak moet jy:

- Ouer as 18 jaar wees
- Ten volle regsbevoeg wees. Die behandelings besluite vevat in die AHD sal slegs in werking tree wanner jy nie meer instaat is om 'n redelike besluit te neem oor 'n behandeling, wanneer dit nodig word. In sodanige geval, onderworpe aan sommige beperkings, moet die gesondheidsverskaffer die behandeling lewer of weerhou, ooreenkomstig jou voorkeure gespesifiseer in die AHD.

Indien jy regtens afdwingbare behandelings besluite wil neem word dit aanbeveel dat jy 'n AHD maak.

Om 'n AHD te maak, verkry 'n vorm deur:

1. Dit af te laai en te druk vanaf:
www.health.wa.gov.au/advancecareplanning

2. E-pos: acp@health.wa.gov.au

Alternatiewelik kan jy praat met iemand by die WA Kanker en Pallatiewe Sorg Netwerk (WACPCN) of die Departement van Gesondheid op **(08) 9222 2300** om 'n kopie van die vorm en verdere inligting te bekom.

Voordurende Voogdyskap Volmag

‘n Ander opsie wat jy kan ooweeg is om ‘n Voortdurende Voogdy Volmag (EPG) te teken. ‘n EPG verwys na beide ‘n voogdyskap volmag en die vorm wat daardie volmag amptelik te boek stel en regsgeldig maak soos regtens gepromulgeer (onder die *Voogdyskap en Administrasie Wet 1990*). ‘n EPG magtig ‘n person van jou keuse om belangrike persoonlike, lewensstyl en behandelings besluite names jou te maak, in geval jy nie meer instaat is om self sulke besluite te maak nie. Die persoon staan belend as ’n Voortdurende Voog.

Jy mag byvoorbeeld besluit om ‘n Voortdurende Voog te magtig om besluite te neeem oor waar jy bly, ondersteuningsdienste wat jy toegang toe mag hêen die bahandeling wat jy ontvang.

‘n Voordurent Voog kan nie gemagtig word om eindoms of finansiële besluite names jou te maak nie, daar diedie aangeleenthede onder ‘n Deurlopende Volmag gedek word (sin heronder).

Om ‘n EPG te maak moet:

- Jy minstens 18 jaar of ouer wees
- Oor volle regskapasiteit beskik.

Die person wat jy as jou Vordurende Voog aanstel moet ook 18 jaar of ouer wees en oor volle regskapasiteit beskik.

Jy kan meer as een Voordurende Voog aanstel maar hulle moet gesamentliik optree, wat beteken dat hulle moet ooreenstem oor enige besluite wat hulle namens jou neem.

Dieomvang van jou volmag verleen aan die Voordurende Voog word bepaal wannner jy jou EPG maak.

‘n Voortdurende Voog is nie gemagtig om besluite te maak oor aangeleenthede wart alreeds in jou AHD mee gehamdel is nie. Verdere inligting oor die aanstelling van ‘n Voordurentde Voog kan verkry word deur die kantoor van die Openbare Advokaat te skakel by1300 858 455 of die webtuiste www.publicadvocate.wa.gov.au te besoek.

Gevorderdesorg Plan

n Gevorderede Sorg Plan is ‘n rekord van jou Gevorderde Sorg Beplanning konsultasies en ‘n wyse om diegene wat na jou sorg omsien in kennis te stel van jou persoonlike voorkeure.

‘n Gevorderede Sorg Plan mag besonderhede insluit van persoonlike voorkeure wat nie deur ander formele dokumentasie, soos herbo vermeld, gedek word nie. Einige spesiale versoek of boodskappe mag hier te boek gestel word as a nuttige handleiding vir diegene betrokke met jou versorging and die hanteering van verskeie aangeleenthede vir jou.

Dir sluit persoonlike voorkeure in wat nie noodwendig gesondheids of behandelings verwant is nie, maar wat jou behandelingsgewende gesondheids diens personeel mag lei oor hou jy verkies om behandel te word asook enige spesiale versoeke of boodskappe soos byvoorbeeld:

- Waar jy sou verkies om behandel te word
- Woie sal jy verkies om jou te besoek
- Jou gunsteling musiek.

Maak jou Gevorderdesorg Plan belend deur die bygaande vorm te voltooi.

Testament in Lewe

Die term” testament in lewe” is ‘n term wat somtyds gebruik word vir ‘n rekord waarin ‘n person sy wense ten opsigte van sy voorsienbare toekomstige gesondheidsorg besluite bekendmaak, soos beyvoorbeeld of sodanige person toestem of weier om ‘n spesifieke behandeling te ondergaan wat voorsienbaar is in die toekoms. Die bedoeling met ‘n “Testament in Lewe” is om in werking te tree wanneer die maker nie langer sy of haar eie gesongheidsorg besluite kan neem en kommunikeer nie.

‘n Testament in Lewe mag ibnsluit:

- AHDs wat formeel regtens erken word en bindend of sorgverskaffers is
- ‘Gemeenregtel;ike voorskrifte (CLD) sluit skriftel;ike of verbale kommunikasie in wat ‘n persoon se voor of afkeure vir toekomstige gesondheidsorg behandeling in sekere gespesifiseerde omstandighede insluit. Daar is geen formele vereiste vir gemeenregtelike voorskrifte nie. Daar kan egter bewysprobleme opduik oor die regsgeldigheid en uitvoerbaarheid van ‘n spesifike CLD. Vir die rede is dit nie aanbevelingswaardig nie en word ,n AHD verkies.

Ander Aangeleenthede

In die loop van besluitneming oor jou voorsienbare verminderde toerekeningvatbaarheid en/of einde van jou lewe, mag jou ook wens om reëlings te tref vir ander aangeleenhede anders as gesondheidsorg.

As voorbeeld mag jy iemand aanstel om jou eiendom en/of finansiële aangeleenthede te bestuur vir ingeval jy nie meer instaat is om dit self te doen nie. ‘n Formele dokument genaamd ’n Voordurende Volmag (EPA) word vereis. Die Kantoor van die Openbare Advokaat het meer inligting oor EPA’s. (Sien bladsy 16 vir hul kontak besonderhede).

Indien nie alreeds gedoen, is dit belangtik om ‘n testament te maak sodat jou bates en besittings verdeel kan word na jou dood ooreenkomstig jou wense. EPAs dek nie hierdie aangeleenthede nie. Testamente behoor gereeld hersien te word indien relevant omstandighede verander het (byvoorbeeld die dood van benoemde eksekuteurs of begunstigdes, egsleidings). Die Openbare Trustee mag help met die formaliteite en/of voorstelle oor relevante bronne i (Sien bladsy 16 vir hul kontak besonderhede).

Stel Andere in Kennis

Deur andere van jou sorgbesluite in kennis te stel sal dit jou die geleenheid bied om hiedie besluite te bespreek met diegene na aan jou.

Dit is belangrik dat indien jy ’n Gevorderde Sorg Beplannings Dokument (byvoorbeeld ‘n Gevorderde Gesondheidsbeplannings dokument, ‘n Gevorderde Sorg plan of ‘n Voordurende Voogdyskap Volmag) voltooi het, dat diegene wat na aan jou is daarvan bewus is en ook weet waar hierdie dokumente gevind kan word. ‘n Afkrif moet maklik bereikbaar wees.

Dit is belangrik om te onthou dat andere nie van jou voorkeure bewus is nie, tensy jy dit aan hulle kommunikeer.

Jy mag oorweeg:

- Om ‘n afskrif te verskaf aan jou spesialis en/of algemene praktisyn (GP) asook enige hospital wat jy gereeld besoek.
- Deur ‘n AHD belangrike inligtingskaart in jou handsak of beursie te plaas wat jou gesoindheidsraadgewer in kennis sal stel waar ‘n afskrif verlkry kan word.
- Registrasie by Medic Alert www.medicalert.org.au
  Telefoon 1800 882 222
- Registrasie by My Health Record www.myhealthrecord.gov.au
  Telefoon 1800 723 471
- Stel diegene na aan jou in kennis waar jy a afskrif van jou dokumente hou sodat hulle dit maklik kan vind (Byvoorbeeld voor jou yskas of waar jy gewoontlik jou onbetaalde rekeninge bêre
- Maak ‘n lys van alle persone wat ‘n huidige kopie van jou Gevorderdesorg dokumentasie oor beskik.

Prosedure vir die maak van nie-dringende behandelings besluite

Indien jy 18 jaar of ouer is en instaat is om jou eie behandelingsbesluite te neem (toestemming of weiering van behandeling). Indien jy nie instaat is om besluite te neem en nie-dringende behandeling word benodig sal behandelings besluite geneem word soos per die hiëragie hieronder.

Indien jy geen toepaslike AHD het nie sal die gesondheidsverskaffer ‘n besluit verlang van die eerste person op die lys wie 18 jaar of ouer is en volle regsbevoegdheid het en bereid en gewillig is om ‘n besluit te maak. Die person is die “verantwoordelike person”.

Indien dringende behandeling benodig word om jou lewe te red of onnodige pyn te verlig kan die gesondheidsverskaffer bahandeling toestaan en later toestemming vir verdere behandeling verkry.

Hiërargie van besluitnemers

Gevorderde Gesondheids Voorskrif
Besluite moet ooreenkomstig die AHD gemaak word, tensy omstandighede verander het of dit nie voorsienbaar was deur die maker.

↓

Voordurende Voogdyskap met Volmag

↓

Voogdyskap met Volmag

↓

Gade of de facto

↓

Volwasse seun of dogter

↓

Ouer

↓

Broer of suster

↓

Primêre onbetaalde versorger

↓

Ander person met nabye persoonlike verhouding

Verdere Inligting

Vir verdere inligting oor enige van die dokumente hiieronder kontak die volgende:

Advance Health Directive

Department of Health – Office of the Chief Medical Officer

Telephone: (08) 9222 2300
Email: acp@health.wa.gov.au
Website: www.health.wa.gov.au/advancecareplanning of www.healthywa.wa.gov.au/advancecareplanning
Postal Address: PO Box 8172, Perth Business Centre, PERTH WA 6849

(The above internet address includes access to a self-directed eLearning resource)

Enduring Power of Guardianship

Office of the Public Advocate

Telephone: 1300 858 455; TTY: 1300 859 955
Email: opa@justice.wa.gov.au
Website: www.publicadvocate.wa.gov.au
Postal Address: PO Box 6293, EAST PERTH WA 6892

Enduring Power of Attorney

Office of the Public Advocate

Telephone: 1300 858 455; TTY: 1300 859 955
Email: opa@justice.wa.gov.au
Website: www.publicadvocate.wa.gov.au
Postal Address: PO Box 6293, EAST PERTH WA 6892

Will

Office of the Public Trustee

Telephone:
1300 746 116 (Wills, Deceased Estates and EPA)
1300 746 212 (Administration and Represented Persons)
Email: public.trustee@justice.wa.gov.au
Website: www.publictrustee.wa.gov.au

Woordelys

In hierdie gids beteken die volgende terme as volg:

Gevorderede Sorg Beplanning
Gevorderde Sorg Beplanning is ‘n deurlopende gesprek tussen ‘n pasiënt en versorger, familie en profesionel gesondheidsverskaffers oor die pasiënt se waardes, oortuigings, behandelings- en versorgingsopsies. Dit fokus in besonder op ’n pasiënt se voorkeure vir toekomstige behandeling en versorging in geval daare nie besluite gemaak of gekommunikeer kann word op die tydstip wat dit nodig mag word nie.

Volle regsbevoegdheid
Die vermoë om ‘n formele ooreenkoms aan te gaan en die implikasies en terme van die ooreenkoms te verstaan.

Professionele Gesondheidsverskaffer
Enige person wat praktiseer in ‘n beroepsveld of professie in gesondsdienste wat die toepassing van ‘n kennisveld of professie in die gesondheidssfeer behels, wat die toepassing van ‘n kennisveld behels, insluitende lidmaatskap van ‘n professie wat in wetgewing gespesifiseer is.

Lewens ondersteunde maatreël
Mediese-, snykundige- of verpleegsprosedures wat ‘n belangrike liggaamsfunksie, wat nie instaat is omonafhanklik te funksioneer nie vervang. Dit sluit kunsmatige asemhaling en kardiopulmonêre behandeling in.

Lewende Testament
Die term ‘lewende testament’ is ‘n uitdrukking wat somtyds gebruik mag word om ‘n rekord van ’n person se wense oor hull toekomstige mediese behandelinhg te noekstaaf.

Paliatiewe sorg
Paliatiwe sorg verwys na ‘n mediese-, snykundige- of verpleegingsprocedure wat daarop gerig is om ‘n person se pyn, ongemak of spanning te verlig, maar dit is nie ‘n lewens ondersteunende behandeling nie.

Terminale siekte
‘n Siekte of toestand wat waarskynlik sal lei tot die dood. Die terminale fase beteken dat die siekte sodanige stadium bereik het waar daar geen redelike vooruitsig is vir die herstel of remissie van die siekte nie (op beide ‘n tydelike of permanente basis).

Behandeling
Enige mediese, snykundige, tandheelkundige of ander gesondheidsorg behandeling insluitende lewensondersteunende behandeling of palliatiewe sorg.

Behandelings besluit
‘n Besluit tot toestemming of weiering vir die aanvang of voortsetting van enige behandeling van ‘n person.

Notas

Notas

Notas

Hierdie dolument kan vir ‘n peroon met ‘n bebrek in verskillende formate beskikbaar gestel word.

Produced by WA Cancer and Palliative Care Network
© Department of Health 2017

Copyright to this material is vested in the State of Western Australia unless otherwise indicated. Apart from any fair dealing for the purposes of private study, research, criticism or review, as permitted under the provisions of the *Copyright Act 1968*, no part may be reproduced or re-used for any purposes whatsoever without written permission of the State of Western Australia.

WCP-012586 JUL'17